



Bind vriende saam rondom 'n oop Bybel

Uitgawe # 9

Kersfees

Verwelkoming en Gebed

Liewe Here, ons is saam om U te aanbid. Help ons om te onthou dat U hier by ons is. Mag ons in geloof u aanbid, mag ons met dankbaarheid U besing en mag ons met gretigheid luister na U Word, deur Christus ons Here. Amen

Kyk terug...

Wat het ons verlede week geleer? (Opsomming)

Hoe het verlede week se boodskap deel geword van JOU lewe?

Wat en hoe het dit gebeur?

Die Engelse praat van "silly season." Kersfees is daardie tyd. Winkelsentrums is besig, mense koop Kersgeskenke, Kersfeesliedjies blêr oor die luidsprekers, die vakansie begin en families maak planne om tyd saam te spandeer.

Gesprekspunt #1

- **Wat is vir jou die lekkerste van Kersfees? Waarvan hou jy die meeste?**
- **Is jy bewus van Jesus tydens Kersfees?**

Met al die Kersfees-malligheid is dit so maklik om die doel van Kersfees te mis. Kersfees gaan nie oor Kersvader, of die geskenke wat ons vir mekaar gee, of die tyd wat ons saam met geliefdes spandeer nie. Dit gaan oor Jesus – oor God wat gekom het om by ons te wees..



Gesprekspunt #2

- **Watter woorde sal jy gebruik om die wyse manne (sterrekykers) te beskryf?**
- **Hoekom dink jy het hulle vir die Jesus-baba geskenke gebring?**
- **Het hulle duur geskenke gebring?**
- **Wat kan ons uit hulle voorbeeld leer?**

LEES

Matteus 2:1-11

Een van die redes hoekom ons vir mekaar Kersgeskenke gee, is omdat die wyse manne vir Jesus geskenke gebring het. Maar eintlik gaan die Kersfees-storie oor een groot geskenk. Kersfees gaan oor die groot geskenk wat God 2000 jaar gelede vir die wêreld gegee het – Jesus! Een van die bekendste verse in die Bybel is Johannes 3:16 “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

“Christmas is based on an exchange of gifts, the gift of God to man – His unspeakable gift of His Son, and the gift of man to God – when we present our bodies a living sacrifice.” **Vance Havner**

LEES

Romeine 12:1-2

Kern-
fokus

Romeine 12:1 (Direk vertaal uit ‘The Message’)

Ek wil hê dat julle die volgende, met God se hulp, sal doen: Neem jou alledaagse, elke dag se lewe – jou slaap, eet, werk en rondloop lewe, en plaas dit voor God as ’n offer.

Gesprekspunt #3

- 1) Wat tref jou in hierdie gedeelte?
- 2) Wat dink jy is die hoofgedagte?
- 3) Hoe sal dit lyk as Christene hierdie les/boodskap in hulle lewens begin toepas?
- 4) Wat sê Jesus vir JOU, terwyl jy oor hierdie gedeelte nadink?
- 5) In what ways can you make your life a gift to Jesus in response to His great gift to us?
- 6) Hoe kan jy hierdie les/boodskap deel maak van jou lewe?

Kyk in die spieël

Reflekteer by die huis

- Kersfees gaan nie oor dinge waaroor ons dink gaan nie.
- Dit gaan oor Jesus en ons vier die geskenk van God wat by ons en met ons is.
- Die grootste geskenk wat jy met Kersfees kan gee, is om jou lewens vrylik aan God te gee.

Gebedsversoeke

Here Jesus, ons is jammer dat ons Kersfees soms met die verkeerde bedoeling vier en van U vergeet. Help ons om elke dag op U te fokus en te besef watter groot Geskenk U vir ons gegee het. Mag ons leer om elke dag ons lewens vir U te gee. Amen

Uitsending

Wie gaan die volgende #CCC fasiliteer?

Plek:
Datum:
Tyd: